EEN MOND, TWEE ORE

[Deel 1 | **TEL JOU WOORDE**]

SKRIFLESING Jak. 1:19-26
TEKSVERS Jak. 1:19, 26

- Ons begin vandag met 'n nuwe reeks boodskappe met die titel: **Tel jou woorde.** Ons gaan oor hierdie onderwerp gesels na aanleiding van die Algemene Brief van die Apostel Jakobus. Sy boodskappe is duidelik en spreek reguit tot ons.

1. Gou om te hoor, stadig om te praat

- Jakobus begin hierdie teksvers met die woorde: *"So dan ..."* Hierdie woorde beteken dat ons moet kennis neem, want hy gaan 'n aankondiging maak.

a) Die lesse wat geleer moet word oor die dinge wat ons sê is op ons almal van toepassing, want *"elke mens"* word aangespreek. Die eenvoud van die waarheid is dit: Indien elkeen van ons ons steur aan die raad en voorskrifte ten opsigte van die dinge wat ons sê, en elkeen nougeset daarvolgens optree, sal daar waarskynlik baie beter kommunikeer en sal daar selfs minder konflik wees.

b) Elkeen van ons moet *"gou wees om te hoor ..."*
- Dit beteken beslis nie ons moet gereed staan vir 'n skinderstorie nie.
- Ons moet na mense kan luister sodat ons hulle harte kan hoor.
- Luister om te *connect* en nie om alewig altyd te probeer korrigeer nie.
- Ons moet ook bereid wees om op 'n gereedheidsgrondslag vir die waarheid te leef: Matt. 13:9

c) Elkeen van ons moet *"... stadig (wees) om te praat ..."*
- Dit is duidelik, ons moet ons woorde tel, want woorde tel!
- Ons moet nie met woorde op mense afstorm nie.
- Daar is nie regverdiging daarvoor om te sê: "Ek is reguit" en dan bombasties en onbeskof woorde soos sweepslae uit te deel nie.
- Spr. 10:19; 13:3; 17:27; 29:20
- Om stadig te wees om te praat, beteken ook nie dat ons moet huiwerig wees om te sê wat gesê moet word nie, maar dat ons wysheid sal hê om nie roekeloos te wees in die dinge wat ons sê nie.
- Kol. 4:6; I Pet. 3:15-16

d) Elkeen van ons moet *"stadig (wees) om toornig te word ..."*
- Dit is dikwels wanneer ons kwaad word dat ons dinge sê wat ons nie moet sê nie.
- Pred. 7:9; Spr. 14:29; 16:32

- "The truly wise and godly person in scripture is not the one who always has something to say but the person who listens to others, prayerfully considers, and only then speaks in measured tones" (Davids 1989:39).
- Ons let op, die Woord van die Here sê nie dat ons nie mag toornig word nie, maar dat ons nie haastig daarin moet storm nie; dat ons dus weldeurdag moet wees.
- Ef. 4:26; Jak. 1:20
- Dit is nie verskoonbaar om onbeheers op te tree nie, selfs al sou dit wees oor dinge wat verkeerd of goddeloos is.

2. **Is dit regtig so belangrik?**

- Ek is bevrees dat ons miskien die gewigtigheid van hierdie saak totaal onderskat!
- Jak. 1:26
- Hierdie godsdienstigheid waarna verwys word is die eksterne praktyke; die dinge wat mense beoefen om aan hulle geloof uitdrukking te gee (Blue 1983:823).
- 'n Roekelose tong maak ons godsdienstige uitlewing kragteloos en verwerplik.

TEN SLOTTE

- Daar word waarlik 'n hoë premie geplaas op die dinge wat ons sê.
- Net soos ons 'n boom aan sy vrugte ken, net so word ons woorde beskou as die vrug wat ons lewe beskryf (Matt. 12:33-37).
- Daar steek baie duidelik groot waarheid daarin dat ons twee ore het, en net een mond.

PHILIP DE JAGER
Leef die Woord, 19/01/2025
2025/04

Bronnelys

Blue, R.J. 1983. James, in R. Walvoord, J.F. & Zuck (ed.). *The Bible knowledge commentary: An exposition of the Scriptuyres by Dallas Seminary Faculty. New Testament*, SP Publications, Inc.

Davids, P.H. 1989. *New International Biblical Commentary: James*. Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc.